# Eugene Marais Pre-Primêr



**Adres:** 5 de laan 705, Mayville
**E-pos:** emkskool@gmail.com
**Tel** 072 642 6350

**AANSOEKVORM EN MEMORANDUM VAN OOREENKOMS,**

TUSSEN **EUGENE MARAIS PRE-PRIMêR**

(Hierna genoem die Skool)

en

Besonderhede van Ouer/voog: ______________________________

(Hierna genoem die Ouer)

**A: DATUM VAN AANSOEK:** ______________________

**TOELATINGSDATUM VERLANG:** ______________________

**B: BESONDERHEDE VAN KIND**

Van: ______________________

Volle name: ______________________

Noemnaam: ______________________

Geboorte datum: ______________________

Geslag: ______________________

Huistaal: ______________________

Tweede taal: ______________________

Allergieë: ______________________

Meld asb. enige probleme van kind of probleme in familie se mediese geskiedenis, Bv.(spraak, swak sig ens.): ______________________

**C. ALGEMEEN**

Aantal kinders in gesin: ____________

Ouderdomme: ______________________

Wie gaan u kind skool toe bring? ______________________

Wie gaan die kleuter kom haal? ______________________

______________________

Kerkverband: ______________________

**D. NOODGEVALLE / MEDIES**

Naam van Mediese fonds: ______________________

Plan: ____________

Lidmaatskapnommer: ______________________

Naam van hooflid: ______________________

Huis doker: ______________________

Tel: ____________

**E. AANSOEKER**

| VADER: | MOEDER: |
|---|---|
| Voorletters en van: ______ | Voorletters en van: ______ |
| Noemnaam: ______ | Noemnaam: ______ |
| ID Nommer: ______ | ID Nommer: ______ |
| Beroep: ______ | Beroep: ______ |
| Werkgewer: ______ | Werkgewer: ______ |
| Rang: ______ | Rang: ______ |
| Werksadres: ______ | Werksadres: ______ |
| ______ | ______ |
| Werk Tel: ______ | Werk Tel: ______ |
| Epos adres: ______ | Epos adres: ______ |
| Huis Tel: ______ | Huis Tel: ______ |
| Sel: ______ | Sel: ______ |
| Fisiese adres: ______ | Fisiese adres: ______ |
| ______ | ______ |
| Posadres: ______ | Posadres: ______ |

Huwelikstatus: Getroud / Geskei / Enkel / Voog

**F. NAASBESTAANDES** wat nie op perseel bly:

Naam: ______ Tel: ______

Adres: ______

**Die volgende moet saam met die inskrywingsvorm ingehandig word**

- Registrasiefooi
- Afskrif van geboortesertifikaat
- 2x ID foto's van kind
- Afskrif van kind se immuniseringskaart
- Afskrifte van ouers se ID dokumente.

**VRYWARING**

+ Ek verstaan dat my kleuter die terrein op eie risiko betree
+ Ek gee toestemming dat my kind in 'n mediese noodgeval behandeling kan kry
+ Ek het die Skoolreëls, Missie en Toelatingsvereistes bestudeer en ek onderneem om daarby te hou

Ek, die ondergetekende gee toestemming dat alle uitstaande skoolgelde vir die huidige jaar asook alle agterstallige fooie van vorige jare deur Invorderaars van my verhaal kan word.

**HANDTEKENINGE:**

| ______ | ______ | ______ | ______ |
|---|---|---|---|
| VADER | MOEDER | VOOG | DATUM |

# Eugene Marais Pre-Primêr

*VRYWARINGSVORM*

Ek ____________________________________________(volle name)

ouer / voog van____________________________________(kind se naam) gee hiermee toestemming dat my kind aan opvoedkundige instappies asook aktiwiteite van Eugene Marais Pre- Primêr en buitemuurse aktiwiteite mag deelneem.

Ek is bewus daarvan dat die deelname aan aktiwiteite, die moontlikheid van fisiese beserings nie uitsluit nie. Ek aanvaar dat alle moontlike voorsorgmaatreëls getref word om die veiligheid van my kind te verseker.

Ek onderneem om alle mediese en/of hospitaalkostes, waar van toepassing, te betaal, wat nie die nalatigheid van die betrokke persoon aan diens toegeskryf kan word nie.

Ek dra my magte as ouer/voog vir die duur van die skooldag oor aan die verantwoordelike persoon, die skoolhoof of sy verteenwoordiger, indien rnediese behandelinge/chirurgiese ingreep nodig mag wees.



**MEDIESE INLIGTING**

My kind ly aan die volgende siekte:(epilepsie,diabetes, ens.)

______________________________________________________________________________

My kind is allergies vir: (bysteek, kosse,penisillien ens)

______________________________________________________________________________

Naam van mediese fonds:_______________________________________________________

Mediese fonds nommer:_______________________________________________________

Mediese fonds plan:_______________________________________________________

Naam van Hooflid:_______________________________________________________

Woonadres van ouer / voog:_______________________________________________________

Indien ek as ouer/voog nie beskikbaar is nie, kan die volgende persoon gekontak word:

Naam: ______________________________________ Tel: ____________________________

____________________________________ ____________________

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG DATUM

# Eugene Marais Pre-Primêr



**<u>Welkom by  Eugene Marais Pre-Primêr</u>**

'n Plek waar Baba, Peuter en Kleuter ons na aan die hart lê.

Hier is baie maatjies om mee te speel
en almal leer beurte maak en deel.

Almal leer hier teken, knip en plak
en kry vir Juffrou gou in die sak !

Wanneer ons kleuters na die Laerskool gaan
kan hul stewig op hul eie voete staan.

Kleuterskoolgroete

Adres: 705 h/v 5 de laan en Fred Nicholson laan, Mayville
Tel: 072 642 6350
Epos adres: emkskool@gmail.com
Kyk gerus by: www.empreprimaryschool.co.za

# Eugene Marais Pre-Primêr Kontrak

## MISSIE

Die Bestuur van Eugene Marais Pre-Primêr streef na die lewering van gehalte diens deur die daarstelling van 'n kindervriendelike fasiliteit waar elke kind veilig, gelukkig en geborge voel en tot sy volle potensiaal en in totaliteit kan ontwikkel en groei deur die begeleiding van opgeleide en ervare personeel. Die skool streef daarna om inklusiewe onderrig te gee maar is nie toegerus is met die nodige fasiliteite of kennis om kinders met fisiese- of leerhindernisse te versorg of stimulasie te gee wat hul benodig nie.

## TOELATINGSVEREISTES

Die kind se ouer/voog moet verklaar at hulle:

- Die skool se missie onderskryf
- Die registrasie prosedure sal nakom
- Die skoolreëls sal nakom
- Die skoolgeld soos deur die Bestuur vasgestel is betaalbaar voor of op die **3de** van elke maand.
- Kinders by toetrede tot die skool nie jonger is as drie maande nie, en nie 7 jaar oud word deur die loop van die jaar nie
- Te alle tye beskikbaar sal wees gedurende die ure wat die kind die kleuterskool bywoon.
- Dat die kind se immunisering op datum is en op datum gehou word.
- Indien die kind 'n aansteeklike siekte het, of met vakansie gaan, en die skool kan bywoon nie, die ouer steeds verantwoordelik is om die skoolgelde te betaal
- Verantwoordelikheid aanvaar om hul persoonlike besonderhede, wat onder meer insluit hul adres, telnr, mediese besonderhede op datum te hou

## REGISTRASIE PROSEDURE

- Voltooi van inskrywingsvorm
- Die volgende moet saam met die inskrywingsvorm ingehandig word:
  - Registrasiefooi
  - 'n Afskrif van kind se geboortesertifikaat
  - 'n Afskrif van kind se immuniseringskaart
  - 2 X ID foto's van kind
  - Afskrifte van ouers/voog se ID dokument

## BEëINDIGING VAN BYWONING

Die bestuur van die skool behou die reg voor om voortgesette bywoning van 'n kind langs amptelike weë te weier op grond van die volgende:

**Ouer:**

- Indien 'n ouer nie by die toelatingsvereistes hou nie
- Indien 'n ouer die skoolreëls verontagsaam
- Indien 'n ouer onderling onenigheid veroorsaak en sodoende die beeld van die skool skade aandoen.
- Nie die skoolgelde teen die 3de van elke maand betaal nie.

**Kind:**

- Indien die kind 'n gevaar inhou vir ander persone in die kleuterskool.
- Indien die kind voortdurend 'n swak invloed uitoefen op ander kinders.
- Indien die kind 'n probleem het wat ander kinders in sy groep se vordering rem of hy sy nie nie na wense ontwikkel nie.So 'n kind sal verwys word vir spesiale onderwys/ professionele hulp

## SKOOLREëLS

### 1. SKOOLTYE:

Kleuterskool ure is as volg ingedeel:

- **Skoolure** 6:00 – 18:00 **Behalwe naweke,, Publieke vakansiedae**
- **Desember skool vakansie:** Sluit die 18/12/2026 en Heropen die 6/01/2027
- **Addisionele ure is ook beskikbaar op aanvraag:**
  - **Vroeë aand 18:00 -18:30**

Alle ure of gedeelte van 'n uur wat u langer as die gekose opsie gebruik is ekstra betaalbaar teen 'n X-bedrag (sien skoolfooie vorm)

Indien daar 'n noodgeval is, moet die skool dadelik in kennis gestel word.

Dagfooie vir buite kinders is ook beskikbaar en moet vooraf gereël word, bv familie wat kom kuier.

### 2. SKOOLGELDE:

**Registrasie gelde:** Geen registrasie gelde word terug betaal indien die kind dan nie die skool bywoon vanaf datum wat die ouer op die vorm ingevul het nie.

**Herregistrasie:** Indien jy 'n registrasie vorm ingevul het vir die volgende jaar en die kind kom nie terug nie, sal jy verantwoordelik gehou word vir die eerste maand se paaiement.
**GEEN JAARLIKSE HERREGISTRASIE GELDE IS BETAALBAAR VIR KINDERS WAT ALREEDS IN DIE SKOOL IS NIE.**

- Maandelikse fooie is streng vooruitbetaalbaar vir elke maand voor of op die 3de van die maand. 'n 10 % Fooi op skoolgelde sal per maand gehef word vir gelde wat uitstaande is
- Desember is deel van die skool jaar en daarom is skoolfooie betaalbaar al verlaat jou kind die skool aan die einde van die jaar (November of Desember)
- 5 % Korting word toegestaan aan ouers wat gedurende Januarie die volle skoolfooie van die jaar betaal
- Geen korting word gegee tydens afwesigheid weens siekte of vakansie nie, aangesien u kind se plek gehou word tot tyd en wyl hy terugkeer.
- Spesiale fasiliteite m.a.w. ekstra ure is kontant betaalbaar by bespreking.
- Geen vooruitgedateerde tjeks sal aanvaar word nie.
- **<u>Geen gelde mag in 'n kind se tas aan ons gestuur word of in hul hande nie.</u>**
- Vir veiligheids doeleindes verkies ons dat u die skoolgelde elektronies oorbetaal, maak seker dis in die regte rekening en onthou verwysing, kind se NAAM en VAN. Stuur per epos bewys van betaling.
- In geval EFT nie 'n opsie is nie, plaas die geld asseblief in 'n koevert, met u kind se naam en die besonderhede waarvoor die geld is daarop, en gooi dit in die geldbussie saam met 'n personeellid.
- EFT skoolfooie se betalings ontvang geen kwitansies nie, maar wel 'n staat per epos aan die einde van die maand.
- Voltooi asseblief die kwitansie boekie by die geldbussie en kontrolleer u kind se kwitansies en kontrolekaart in sy boek ten einde seker te maak dat ons u geld ontvang het.
- Die bestuur van die skool behou die reg voor om gelde vir addisionele ure en dienste na kennisgewing van een kalendermaand te verhoog.
- Enige vooruitbetalings vir skoolgelde sal nie terug betaal word indien die kind vroeër die skool verlaat nie
- Uitstaande of agterstallige gelde sal deur die invorderaars verhaal word.

## 3. SKOOLBYWONING:

- Teken u kind asseblief daagliks in en uit in die "Bywoningsregister" ter wille van u kind se veiligheid, asook vir die tref van die nodige versorgingsreëlings.
- Geen kind sal aan 'n vreemde persoon oorhandig word sonder die ouer se skriftelike toestemming nie, afskrif van die ID dokument moet ook getoon word.
- Hou asseblief die afskeid soggens kort, aangesien 'n kind dikwels ontsteld raak indien 'n ouer te lank draai en gevolglik lei dit tot ontwrigting en ontsteltenis van die hele groep.
- Indien u bywoning permanent wil staak moet u ons asseblief een kalender maand voor die tyd skriftelik kennis gee, (dit geld nie vir November en Desember maande nie!)
- Neem kennis dat aansoeke van kleuters jaarliks verval
- Her- aansoeke moet in Oktober vir die volgende jaar gedoen word.
- Indien die skriftelike kennis maand ooreenkoms nie nagekom word nie, sal die uitstaande gelde verhaal word deur invorderaars.

## 4. OPVOEDKUNDIGE PROGRAM:

- Die opvoedkundige program word daagliks tussen 8:30 en 12:00 aangebied, uitsluitend skoolvakansies en vakansiedae.
- Die **hek sluit 8:30** aangesien ons met die dagprogram begin, dit is steurend as 'n kind laat inkom en die kind mis dan ook ·n deel van die program
- *Vorderingsverslaggies word twee maal per jaar uitgereik aan kinders wat die program gereeld bywoon, aangesien evaluering op gereelde en deurlopende basis plaasvind.*
- Gr R leerders ontvang elke kwartaal 'n verslag.
- EERSTE SKOOLDAG: Dit is vir ons van die grootste belang om 'n nuwe kind te laat tuis voel
- **U hulp is egter baie nodig in die verband:**
  - 'n nuwe kind mag nie op die eertse dag voor 7:30 aanmeld nie
  - Bring self u kind in en ontmoet die klas onderwyseres
  - Moet nie die afskeid uitrek nie
  - Groet u kind en sê u sal hom/haar weer kom haal

## 5. KOMMUNIKASIE:

'n Aangename klimaat met onderlinge vertroue en samewerking kan slegs geskep en gehandhaaf word deur effektiewe en oop kommunikasie tussen die ouers en personeel.

- Kommunikasie geskied deur WhatsApp met klasonderwyseres, klasgroepe asook Telegram om op hoogte gehou te word oor kind/skoolgebeure.
- POPI wetgewing geld en word deur skool en ouers met kontrak onderteken .Beskerming van persoonlike inligting wat ook geld op sosiale platforms
- Swak kommunikasie lei dikwels tot misverstande en tot vertraging van beplande aktiwiteite.
- Indien u met die bestuur of personeel in verbinding wil tree, reël asseblief 'n afspraak wat vir beide van u geleë sal wees.
- Klagtes moet met die betrokke persone of die bestuur opgeneem word, aangesien die diens slegs verbeter kan word indien ons op hoogte gehou word van probleme.
- Geen ouer mag met ander kinders raas of aan hulle slaan nie, klagtes moet met die personeellid aan diens opgeneem word waarna die probleem verder hanteer sal word.
- Probleme rakende u kind, sal sensitief en vertroulik hanteer word.

**Goeie kommu nikasie is uiters belangrik, aangesien ons as ñ span moet saamwerk wat betref elke kind se vorming en ontwikkeling**

## 6. TELEFONIESE BOODSKAPPE:

- Geen onderwyseres mag tussen 8:20 en 10:30 gekontak word nie.
- U kan 'n boodskap los gedurende hierdie tyd en ons sal terugkom na u.
- SLEGS IN GEV*AL* VAN NOOD sal die Juffrou geroep word.
- Personeel se privaatheid moet gerespekteer word en slegs binne perke/ure gekontak word **behalwe in geval van nood**

## 7. KLERE EN ALGEMENE VERSORGING:

- Kinders moet netjies en goed versorg skool toe kom.
- Alle klere en toebehore moet duidelik *gemerk* wees.
- Ons aanvaar geen verantwoorddikheid vir klere wat verlore raak nie.
- Maak seker dat al u kind se persoonlike besittings in sy/haar tas is wanneer u vertrek.
- Meld verlore goedere onmiddellik aan om sodoende opsporing te bespoedig.
- Kinders moet verkieslik in ouerige klere skool toe kom, aangesien mors aktiwiteite belangrik is vir 'n kind se ontwikkelling, en klere dikwels verniel in die proses.
- Geen kind word by die skool deur personeel gebad en skoon aangetrek nie.
- Geen kind se wasgoed sal by die skool gewas word nie, behalwe in geval van nood, bv braking.
- Ouers moet self toesien dat kinders netjies is wanneer hulle vertrek, u moet kan sien u kind was besig deur die dag
- Ons vra asb 'n boks sneespapier en toiletpapier en maandeliks en ñ riem A4 papier kwartaalliks

## 8. SPEELGOED EN LEKKERNYE:

- Geen speelgoed en lekkernye (slegs indien daar genoeg is om met al die maats in die klas te deel), mag skooltoe gebring word nie, aangesien dit tot onnodige konflik lei.
- Slegs gedurende vakansie tye word speelgoed toegelaat, en dit is op eie risiko, personeel vat nie verantwoordelikheid vir enigiets wat breek of weg raak nie.
- Alle speelgoed moet duidelik gemerk word!!!

## 9. VERJAARSDAE:

- Aangesien 'n verjaarsdag 'n groot gebeurtenis in elke kind se lewe is, is u welkom om vir u kind en sy klasmaats'n partytjie by die skool te hou.
- Reël asseblief vooraf met sy onderwyseres vir 'n geskikte tyd.
- Geen ballonne, kougom of "sherbet" mag uitgedeel word nie, aangesien dit 'n veiligheidsrisiko inhou.

## 10. KWARTAAL GELDE:

- Kwartaal gelde is betaalbaar elke kwartaal (x 4 kwartale), teen die einde van die eerste maand van die nuwe kwartaal.
- Kwartaal gelde sluit in: een instappie per kwartaal, snoepie elke vrydag (ook gedurende vakansies), bak-en-brou elke 2de week.
- Kwartaal 4 se gelde word ook aangewend vir ons jaareindfunksie en afsluiting.
- Dra van skool T-hempies en inhandiging van'n indemiteitsklaring is 'n vereiste vir meemaak van instappies en ander skool aktiwiteite wat aangebied word.
- Kinders wie se kwartaalgelde nie gereeld en op datum betaal word nie, sal nie kan deelneem aan enige van die bogenoemde aktiwiteite nie

## 11. MEDIES:

- Geen kind met 'n aansteeklike siekte mag die skool bywoon nie. 'n Doktersbrief wat bevestig dat die aansteeklike tydperk verby is, is 'n vereiste wanneer die kind na die skool terugkeer.
- **Geen kind met kopluise** mag die skool bywoon alvorens die probleem opgelos is nie. 'n Personeellid sal saam met die ouer kontrolleer dat die probleem wel opgelos is, wanneer die kind na die skool terugkeer.
- Alle medisyne moet gemerk wees en in die medisynekas gebere word.
- **Die medisyneleêr moet daagliks voltooi word**, aangesien geen medisyne aan 'n kind toegedien sal word sonder 'n ouer se skriftelike toestemming nie.
- Geen medisyne mag in 'n kind se tas of hand saamgestuur word skooltoe nie.
- Meld allergieë onmiddellik aan.
- Ernstige allergieë versoeke is die ouers se eie verantwoordelikheid en etes en partytjie eetgoed moet self deur die ouers voorsien word vir kind se eie veiligheid. (Vra vir spyskaart in die geval.)

## 12. ETES EN KOMBUIS:

- **Etenstye is as volg:**

| | |
|---|---|
| Ontbyt | 7:45 |
| Oggend verversing | 10:00 |
| Middagete | 12:00 |
| Middag verversing | 14:30 |
| Muffin / broodtjie tyd | 16:00 |

- Geen etes sal voor of na bogenoemde tye bedien word nie tensy daar reëllings getref word
- Slegs kos soos uiteengesit op die spyskaart vir elke groep sal bedien word, behalwe ingevalvan allergieë wat vooraf onder ons aandag gebring is.
- GEEN OUER OF KIND word in die kombuis toegelaat nie. Indien u iets vanaf die kombuis verlang bespreek dit asb. met die persoon aan diens.

**NB : PANDEMIE/GRENDELTYD : Indien daar sulke omstandighede mag ontstaan is daar 50% skoolfooie elke maand betaalbaar en geen bywoningskennisgewing sal aanvaar word in hierdie tyd nie**

**Dit is ons wens dat u en u kind gelukkig is by ons. Ons maak staat op u positiewe samewerking!!**